# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

**No. 25**

## Nag van Geen Genade



GERRIE RADLOF


Kobus het die loop van die klein rewolwer saam met die flitslig opgedraai. Nou trek hy die sneller. Die koeël klap teen die sinkplaat. Op daardie oomblik gil Annie ook hoog en luid want die aap is skaars vier tree van Kobus af. Kobus swaai die pistool op. Weer trek hy die sneller. Dit lyk vir hom asof die gorilla effens ruk, maar ongesteurd kom hy nader. Weer trek Kobus die sneller, maar dit lyk of die dier die hou nie eens voel nie—asof Kobus net sowel kon misgeskiet het.
Die lang arm word uitgesteek. Die kort vingers van die regterhand krul om Kobus se kop. Weer gil Annie hard en 'n geklets en gebabbel ontstaan tussen die ander ape en diere in die koue rondom hulle.

Stofomslag: Chris du Plooy.

# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

*No. 25*

*Nag van Geen Genade*



GERRIE RADLOF

INHOUD

Hoofstuk Bladsy

. Die Beeldskone Adder .......... 3

2. Die Grommende Gevaar .......... 17

3. Geveg in die Woud .......... 30

4. Die Swart Rivier .......... 49

5. Die Lokval .......... 61

6. Die Dodehok .......... 71

7. Skote in die Nag .......... 80



## DIE BEELDSKONE ADDER

,,Ek moet u weer waarsku, meneer Roode,'' roep die losieshuis-eienaar agter hom uit toe Kobus reeds halfpad met die trappe af is. ,,Vier mense het reeds in Driehoeksbaai verdrink.''

Kobus kyk terug na die vriendelike oubaas met die wit kenbaard wat op die groot oop stoep van die gerieflike losieshuis aan die Suidkus van Natal staan. Dan dwaal sy oë oor die leë tafels en stoele wat op verskeie verskuilde hoeke so aangenaam oor die groot stoep versprei is. Daar kom maar min mense na Driehoeksbaai—hy is inderdaad die enigste besoeker nou—want die koerante was vol van die vier tragedies en mense vermy hierdie afgeleë strand.

,,Ek weet, meneer Louw,'' roep Kobus die oubaas gerusstellend toe. Hy weet dit goed, want dit is inderdaad die rede hoekom hy hierheen gekom het. Van hierdie feit is oubaas Louw en sy minsame vrou, tant Siena, soos Kobus haar reeds van die begin af genoem het, natuurlik onbewus, want sover dit hulle aangaan, is hy maar net 'n jong man wat 'n rustige plekkie uitgesoek het om sy vakansie deur te bring. ,,Ek is nie van plan om daar te swem nie.''

,,Ek het half so aangeneem,'' antwoord oubaas Louw, ,,maar nadat jy vanoggend vroeg reeds somaar hier vlakvoor tussen die duine die water ingegaan het, het ek gemeen dat jy ons waarskuwings van gister veronagsaam.''

,,Ek wou maar net voel of die water baie koud is,'' werp Kobus met 'n breë glimlag terug. ,,Tot siens!''

Hy draf met die trappe af en sy kaal voete sak in die sagte skulpgruis voor die losieshuis in. Dan gaan hy tussen die varingbedekte duine, met hier en daar die donkergroen wuiwende piesangbome op die kruine, deur na die see toe.

Hy het die vorige agtermiddag hier aangekom. Reeds voordat dit donker was, het hy lank op die voorstoep van die losieshuis gesit en die omgewing noukeurig bespied.

Die sag vloeiende rivier wat net aan die noordekant ongeveer 'n kilometer van die losieshuis af in die see uitmond, kom kronkelend

tussen die heuwels deur van die binneland af. Ongeveer twintig kilometer van die mond af loop die groot pad langs die suidkus en net waar die klein gruispaadjie hier na die losieshuis toe uitdraai, gaan dit met 'n brug oor die rivier. Noord van die brug gaan die pad met 'n wye draai totdat dit verder op amper tot teenaan die kus kom. Maar aan die seekant daarvan van die brug af is 'n bergreeks wat skuins na die see se kant toe loop en dit is juis as gevolg daarvan dat die pad van die kus af moet wegswaai binneland toe. Aan die seekant van die berge is daar onherbergsame heuwels wat uitloop tot op die strand. Aan die oorkant van die rivier van die losieshuis af is daar dus 'n groot driehoek wat aan die eenkant deur die rivier, aan die ander kant deur die berg en aan die derde kant deur die see omsluit word. Elke sy is ongeveer twintig kilometer lank en dit is heeltemal onbewoon behalwe vir een huis sowat twee kilometer van die losieshuis af. Waar die rivier in die see uitmond, is daar aan die noordekant 'n pragtige strand wat tussen die oerwoud en die water 'n halfmaan vorm. Weerskante daarvan het die plantegroei tot op die waterkant deurgedring. Hierdie pragtige strand word Driehoeksbaai genoem en dit kan alleen deur 'n boot oor die rivier bereik word.

En dit is daar waar nou reeds vier mense in die afgelope jaar of wat verdrink het. Twee van hulle, soos Kobus vasgestel het voordat hy besluit het om hiernatoe te kom, was geregsdienaars.

Die verklaring in die koerante was dat die seestrome daar taamlik sterk en wisselvallig is. Vanoggend vroeg egter toe Kobus op die nou klipperige strandjie vlakvoor die losieshuis tussen die branders ingeduik het, het hy reeds vasgestel dat daar feitlik geen trek hoegenaamd is nie. Dit het geneig om die vae vermoede van onraad wat hy reeds 'n paar maande gelede in die leggerkamer van sy hoofkwartier in Johannesburg gekry het, te versterk.

Nadat hy met soveel welslae die bende geweersmokkelaars in Noord-Transvaal aan bande gelê het, het hy teruggekeer na Johannesburg toe waar hy na die hoofkwartier van die speurdiens verplaas is. Daar was sprake van bevordering, maar hy moes 'n paar eksamens skryf. Dit het Kobus glad nie aangestaan nie. Hy is nog jonk en reeds is hy 'n sersant in die speurdiens en hy besef wat dit vir hom sal beteken as hy nou reeds weer verhoging in status moet





kry, maar steeds het hy gehunker na die lewe in die buitelug as berede konstabel.

Eendag het sy nuwe hoof, majoor Sonnenberg, hom in die leggerkamers aangetref waar hy besig was om navorsing te doen. Onder meer het die majoor hom gevra waarna hy soek en Kobus het verwys na die jongste berig in die koerant van 'n treurspel in Driehoeksbaai. Op daardie oomblik was Kobus besig om die lêer van 'n jong speurder na te gaan wat pas ses maande vantevore ook op Driehoeksbaai verdrink het.

„Dan soek jy verband tussen die twee gebeurtenisse?" het majoor Sonnenberg vriendelik gevra.

Kobus het geglimlag.

„Dit is miskien vergesog," het hy geantwoord, „maar. . ."

„Of miskien soek jy 'n rede om 'n bietjie tussen die vier mure uit te kom, nie waar nie, Kobus?" het die majoor hom vinnig in die rede geval, want hy het hierdie jong sersant se loopbaan nageslaan en hy weet veel van hom af. „Hoekom neem jy nie 'n paar weke verlof nie, Kobus," het hy skielik bygevoeg. „Gaan rus 'n bietjie op Driehoeksbaai."

Kobus het nie op hom laat wag nie. Hy het sy sake so gou as moontlik agtermekaar gekry en afgesit Natal toe.

Nou stap hy al met die klipperige strand langs na die riviermond toe. Sodra hy op die sagte sandwalle uitkom kyk hy terug na die losieshuis. Dit staan effens op 'n bult. 'n Entjie anderkant is daar 'n paar huise—altesaam vyf, waarvan op die oomblik maar net 'n paar bewoon word. Meeste daarvan behoort aan welgesteldes wat dit hier laat oprig het vir vakansietye.

Kobus het die vorige aand lank met oubaas Louw en sy vrou gesels. Hulle het 'n vooruitstrewende saak in Pretoria besit, maar die oubaas se seun het dit oorgeneem en hy en sy vrou het hier op Driehoeksbaai kom aftree. Hulle het die losieshuis laat oprig en 'n paar jaar lank was dit vol besoekers. Toe kom die vier treurspelle so kort na mekaar en Driehoeksbaai het baie ongewild geraak.

Kobus bereik die houtkaai wat ongeveer 'n honderd tree van die see af in die rivier steek. Daar lê 'n heel paar skuite, maar meeste van hulle is onbruikbaar en vol water. Aan die punt is wel drie wat nog af en toe gebruik word. Hy spring in een van dié en met

kragtige hale stuur hy die klein vaartuig oor die stil water na die oorkantste oewer toe. Hier maak hy dit aan die klein kaai vas en spring uit.

Na die bietjie oefening voel hy amper opgewek, en lewenslustig draf hy tussen die groot geelhoutbome deur waar talle bobbejaant-oue van die takke af na onder toe vleg. Hier en daar is 'n lappie wilde koejawels en piesangbome waar die oerwoud minder dig is. Hy het nog altyd van Natal gehou en dit is asof die lug wat hy inasem hom met energie vul.

Skielik en sonder waarskuwing eindig die woud stompaf en staan hy op die rand van die pragtige stuk wit sand. Aan die rand van die water skaars twintig tree regs van hom vorm die rand van die woud 'n semi-sirkel en ongeveer 'n halwe kilometer verder word die boog voltooi en staan die bome weer tot aan die waterkant. Hier en daar is 'n paar groot ronde rotsblokke wat skuiling bied teen die felle strale van die son, maar origens is die strand gelyk en verlate.

Kobus stap die water in. Dit is amper louwarm en nou so kort na die middag is daar 'n taamlike sterk bries wat van die see se kant af waai en skuimspatsels van die rante van die branders teen hom aanslinger. Inderdaad is dit uiters aangenaam en Kobus stap dieper in. Die seebodem sak geleidelik maar taamlik vinnig weg en spoedig val hy vooroor en gly deur die water.

Al is daar dan sulke verraderlike sterk seestrome wat reeds vier slagoffers geëis het, behoort die wind hom beslis terug te help strand toe indien hy in die moeilikheid raak. Volgens die koerante se verklarings word die strome veroorsaak deur die rivier wat 'n endjie aan sy regterkant die see in vloei. Maar hieraan heg hy ook nie te veel waarde nie want reeds het hy gesien met hoe 'n lomerige pas die vars water tussen die bome deur oor die sandbank in sy mond vloei.

En boonop sou dit logies wees dat indien die rivier wel 'n stroom veroorsaak, dit enigeen wat hier van die strand af die water ingaan—net soos Kobus nou gedoen het—eers insuig daar na die mond van die rivier toe en dan saam die see insleep. Indien so iemand dan hard uitroep sal hy beslis van die losieshuis af gehoor kan word. Weliswaar sal dit onmoontlik wees vir iemand an-





derkant die rivier om enige uitroep hier van die strand af te hoor. En tog is al vier die lyke wel hier dig by die strand tussen 'n paar van die hoë rotsblokke aangetref. En in geeneen van die vier gevalle was daar iemand digby om die treurspel te sien afspeel nie!

Kobus het nou reeds ongeveer 'n honderd tree ingeswem. Hy draai op sy rug en lê stil. Dit duur nie lank voordat hy agterkom dat hy stadigaan terug strand se kant toe beweeg nie. Sonder meer draai hy weer om en met egalige kragtige hale kloof hy deur die water totdat hy met 'n brander saam uitry en op die sagte sand te lande kom. Hy spring op en hardloop oor die klam sand totdat hy die aangename warmte van die droë grond onder sy voete voel. Noudat hy uit die water gekom het, is die windjie koud solank sy liggaam nog nat is, en dadelik werp hy hom neer en bedek sy liggaam met warm sand. So lê hy op sy rug uitgestrek en voel hoe die hitte deur hom vloei.

Hy moes later ingesluimer het want toe hy sy oë skielik oopmaak, is dit asof iets hom wakker gemaak het. Uit ondervinding lê hy doodstil. Maar dan is daar 'n beweging 'n ent links van hom en toe hy sy oë draai, sien hy 'n meisie tussen die bome uitkom.

Hy lê ongeveer vyftig tree van die punt van die woud wat naaste aan die rivier is, en sy verskyn omtrent in die middel van die boog waarmee die bome die strand omring. Sy stap skuins in sy rigting en hy neem aan dat sy hom gesien het.

Sonder om te beweeg gaan sy gedagtes terug na die gesprek met die twee ou mense die vorige aand. Hulle het somaar oor alles en wat gepraat en onder meer het tant Siena hom vertel van die groot huis daar oorkant die rivier waar Marsha Brackley en haar broer Dudley woon. Hulle het die plek 'n paar jaar gelede gekoop.

Voorheen het daar 'n ou Engelse kaptein gebly. Hy was 'n groot liefhebber van die swartes en het juis daardie deel uitgekies omdat dit as gevolg van die berge aan die een kant, die see en die rivier aan die ander ongeskonde en beskerm was en 'n natuurlike reservaat vir diere- en blommelewe gevorm het. By sy mooi dubbelverdiepinghuis wat tussen die bome verskuil is maar wat nogtans van die voorkant af 'n pragtige uitsig oor die see het en wat dan ook alleenlik van die see se kant af gesien kan word, het hy pragtige

tuine aangelê en 'n klein dieretuin opgebou. Hy het hom grotendeels op ape toegelê.

Na sy dood het die Brackleys die plek oorgeneem. Dudley, 'n kêrel wat maar stil en teruggetrokke is, word selde deur sy bure oorkant die rivier gesien. Marsha, wat vir haar broer huishou, maak meer dikwels haar verskyning en neem aan gesellige aandjies deel. Hulle kry ook gereeld besoek van elders. Die besoekers kom dan tot by die losieshuis waar hulle met 'n kapkar en perde ontmoet word om na die huis vervoer te word. Reeds voordat die losieshuis gebou is, het die huis oorkant die rivier 'n telefoon gehad en die Louws het 'n uitbreiding van daardie lyn gekry. Die Brackleys kon dus maklik in kennis gestel word sodra besoekers daar aanland.

Eienaardig genoeg het hulle in die gesprek nie eintlik haarfyn beskrywings van die Brackleys aan Kobus gegee nie en hy het half tot die gevolgtrekking gekom dat Marsha heelwaarskynlik maar 'n taamlike onaantreklike en reeds middeljarige dame moet wees. Hierdie indruk is versterk deur die feit dat sy haar hier op die afgeleë Driehoeksbaai met haar broer afsonder—en dan ook die voorliefde vir die natuur en die diere, want die Brackleys het die dieretuin aangehou en selfs uitgebrei. Hulle het hulle steeds op ape toegelê en van die klein nagapies tot bobbejane—en selfs 'n gorilla—het hulle eenvoudig alle soorte aangehou.

Die meisie is nou ongeveer twee honderd tree van hom af. Hy het eers sommer aangeneem dat dit wel Marsha Brackley sal wees, maar skielik twyfel hy hieraan, want inderdaad het hy lanklaas 'n beeldskoner jong vrou gesien. Sonder meer kom hy orent en kyk in haar rigting.

Sy het 'n ligte veelkleurige somersrok aan. Haar skouers is songebruin en die lae hals toon dat sy dikwels van hierdie heerlike klimaat gebruik maak. Haar hare is swart en blink in die son. Dit hang effens by haar slape verby. Haar oë is groot en sy het 'n prominente Romeinse neus wat 'n sterkte aan haar andersins fyn gelaatstrekke gee. Hy het verwag om soos sy naderkom 'n fyn sensitiewe mond te sien, maar sodra haar gelaatstrekke duideliker word, merk hy dat dit vol en rooi is soos die ontvouende blomblare van 'n roos. Nou ook sien hy dat haar rok niks meer as 'n oorjassie is nie en dat sy blykbaar 'n baaikostuum daaronder aanhet. Haar





bene is slank en volmaak gevorm.

Kobus Roode het al verskeie nooiens gehad. Die een wat hy sedert sy skooljare reeds ken, dink hy nog die meeste aan terug, maar tussenin het hy verskeie kere met ander in aanraking gekom en dikwels as gevolg van sy avontuurlike bestaan is die verstandhoudings tussen hulle aangeskerp deur die omstandighede. Nog nooit egter het Kobus vir homself kon sê dat hy enige meisie bemin nie en hy het homself nog altyd as 'n jong vrygesel beskou.

Van een ding is hy op hierdie oomblik oortuig. En dit is dat hy hierdie meisie se weerga nog nie vantevore gesien het nie. Hy voel meteens ongemaklik. Hy vee die droë sand van sy liggaam af en strek sy hand uit na die bont hemp wat ál ander kledingstuk behalwe sy baaibroek is wat hy met hom saamgebring het. Hy gooi dit oor sy skouers asof hy dit as 'n teken van respek teenoor haar doen.

„Dit is onnodig dat jy aantrek!" roep sy hom toe. Haar stem is opgewek en daar is 'n effense hees klank in wat Kobus aan eksotiese geheimsinnige musiek laat dink. Ook is dit asof sy hom met daardie paar woorde versoek om sy liggaam nie te bedek nie. Haar oë vlei hom asof sy in woorde uitgedruk het dat sy breë skouers en bors, sy slank heupe en sterk bene met die speling van die spiere daarin, aangenaam is om te aanskou. Dit wil voorkom of selfs sy borselkop—want hy het sy hare weer kort laat knip net voordat hy met verlof gekom het—en sy reëlmatige gelaatstrekke vir haar aantreklik moet wees.

Hy bloos geweldig en as hy haar wil antwoord, vind hy dat hy eers sy keel moet skoonmaak. Hy kug onderwyl hy orent kom en half onseker aan die bont hemp pluk asof hy nie kan besluit of hy dit weer van sy skouers moet afstroop of dit maar liewer eers aanhou nie. Dan trek hy die hemp uit en sit dit langs hom op die sand neer.

„Die son is effens warm," sê hy dan en nou is sy reeds by hom en skaars twee tree van hom af. Sy buk en sit die klein mandjie wat sy in haar regterhand het, neer. Reeds het hy vasgestel dat daar 'n paar tydskrifte in is en ook breigoed, sowel as vrugte.

„Dan sal jy dors wees," sê sy toe sy weer opkyk onderwyl sy die ligte rok oopknoop en van haar skouers laat afgly. Doelbewus kyk Kobus na die mandjie want reeds b and die bloed in sy wange en

neem sy maar liewer net uit die hoek van sy oog waar dat sy 'n tweestuk-baaikostuum aan het. Sy vou haar bene gemaklik oormekaar en gaan op die rok sit.

,,Daar is twee botteltjies koeldrank in die mandjie,'' nooi sy vriendelik. ,,Daar is ook 'n oopmaker. Ek is self effens dors na die stap.''

Hy is dankbaar vir die geleentheid om iets te kan doen. Hy trek die mandjie nader en haal die koeldrank uit. Sodra hy dit oopgemaak en een aan haar oorhandig het, waag hy dit weer om na haar te kyk.

Haar oë is gemaklik op hom gevestig. Sy glimlag steeds aangenaam. Kobus kyk nie weg nie. Hy het reeds effens van sy eerste ongemaklikheid herstel en die natuurlike waarnemingsvermoë in hom tree na vore. Meteens is dit asof hy teleurgesteld voel. Hoewel haar skoonheid foutloos is, sien hy nou 'n hardheid in haar oë wat hy nie dadelik kan plaas nie. Ook haar mond met die vol rypheid van haar lippe is nie heeltemal so sag soos hy dit verwag het nie.

Hierdie waarnemings laat hom meer op sy gemak voel. Hy sit die bottel aan sy lippe en neem 'n paar slukke van die heerlike koue koeldrank.

,,Ek hoop nie jy gee om nie,'' begin sy geselsend, ,,dat ek so sonder meer by jou aansluit nie, meneer. . .?''

,,Kobus Roode,'' antwoord hy dadelik ,,en natuurlik gee ek nie om nie. Inteendeel dit is 'n aangename verassing. U kom natuurlik van die huis hier bokant af? Lê u dalk daar besoek af?''

Sy lag. Sy kyk hom stip aan.

,,Hoekom stel jy dit so? Ek woon daar. Jy het dit tog seker al gehoor. Ek is Marsha Brackley.''

Weer skiet die bloed na Kobus se kop toe. Dit is asof sy dwarsdeur hom gesien en sy gedagtes gelees het—asof sy dadelik agtergekom het dat hy haar glad nie so voorgestel het nie; dat hy inderdaad 'n ouer en minder aantreklike vrou verwag het. Hy kyk voor hom op die grond, maar dadelik word hy weer kalmer, want nou is dit vir hom ook asof daardie heesheid in haar stem wat hom eers so bekoor het, krasser is. Kobus ondervind 'n snaakse gevoel asof hy hier met 'n wese te doen het wat in 'n heeltemal on-





natuurlike vorm gegiet is. Onwillekeurig doem die beelde van die verdrinktes op hierdie strand soos hy dit op die foto's in die polisieleêrs gesien het, voor hom op.

Maar dan ruk hy sy gedagtes met geweld daarvan af. Weer dring die aangename hitte van die middag tot hom deur en bestempel hy sy opsommings van die meisie as oorhaastige gevolgtrekkings.

,,Nee!'' roep hy dadelik uit. ,,Ek. . . ek. . .''

Weer lag sy.

,,Jy is seker by die losieshuis by meneer en mevrou Louw, nie waar nie?''

,,Ja,'' antwoord Kobus. ,,Ek het maar gisteraand aangekom.'' Hy is bly vir hierdie wending aan die gesprek.

,,Gaan jy lank vertoef?''

,,'n Week of wat.''

,,Waar kom jy vandaan, meneer Roode?''

Weer kry Kobus daardie snaakse gevoel. Aan die vinnige flikkering van haar oë is dit vir hom asof sy reeds weet wie hy is en waar hy vandaan kom.

,,Ek is uit Johannesburg.'' Hy glimlag. ,,'n Polisieman.''

,,Speurder-sersant Kobus Roode,'' sê sy amper mymerend. ,,Ek het al dikwels van jou gelees. Jy word gewoonlik op moeilike sake uitgestuur, nie waar nie?''

Hy kyk haar 'n oomblik lank stil aan. Die feit dat sy al dikwels van hom in koerante kon gelees het, is heel aanneemlik. Hierdie vraag na sy gewone soort werk laat hom egter diep dink. Nogtans glimlag hy opgewek.

,,U vly my beslis,'' sê hy dan. ,,Ek noem dit gewoonlik die sake waarvoor niemand anders lus voel nie.''

Sy glimlag. Dan strek sy albei haar arms in die lug op asof sy haarself gemaklik uitrek. Kobus kyk effens ander pad.

,,Dan kan ons oor jou avonture gesels!'' roep sy uit en onderwyl sy weer gemaklik terugsit, steek sy haar hand uit om van die vrugte uit die mandjie te haal. ,,Sodra ons lekker warm gebak het,'' hervat sy, ,,kan ons in die water gan afkoel. Sal jy 'n appel bo piesangs verkies,'' vra sy onderwyl sy hom skuinsweg aankyk.

Hy glimlag want piesangs is inderdaad volop in Natal.

,,Hier,'' vervolg sy en dit kom hom amper voor asof sy veel